Quo Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 28a

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die nag kom, wanneer niemand kan werk nie

Jy sal vir my sê dat wat hierbo geskrywe staan, waar en ook nie waar is nie. Dit is waar dat as die nag kom, daar nie meer gewerk word nie — ten minste só was dit baie jare gelede. Vandag is dit nie meer waar nie, want dit het moontlik geword om 24 uur in 'n dag te werk. Tog verander dit niks aan wat hier bo staan nie. Die feit dat ons 24 uur in die dag so swoeg en sweet om die werk klaar te kry, maak juis die woorde hierbo nog dringender.

Hierdie woorde is deur ons Here Jesus Christus uitgespreek by 'n geleentheid toe Hy 'n blindgeborene weer siende gemaak het. God het daardie blinde man op Christus se weg geplaas, sodat Hy hom kon genees en die heerlikheid van God kon openbaar. Jesus het gekom om God se werk te doen; om sy grootheid te openbaar.

Solank as wat dit dag is, word daar om die heerlikheid van God en nie van die mens nie, gewerk.

Dit maak verskil tussen werk en werk

Jy kan die hele dag besig wees met werk, sonder dat God daarin groot gemaak word. Dan is dit maar net 'n geswoeg en gesweet en dit is niks meer as ydelheid en gejaag na wind nie. Dan is jou werk sonder inhoud en jy het daarin geen plesier nie — verdien jy net geld om kos en klere mee te koop — en hoe moeitevol is dit tog nie.

Christus sê solank as dit dag is, doen Hy God se werk, verheerlik Hy God deur sy arbeid en verkondig Hy sy eer en grootheid. So moet julle ook doen, want die nag kom, wanneer niemand meer kan werk nie. Ja, as die nag van die dood aanbreek, dan kan ons hier op aarde nie meer God se werk doen nie. Dan kan ons Hom nie meer hier verheerlik en kan ons Hom nie meer grootmaak nie.

Nou sal jy sê, maar hoe kan ek Hom groot maak in my werk? Hoe kan ek sy werk doen. My werk is te eenvoudig en ek is te swak. Ek kan nie wonders doen nie. Dit is waar. God wil nie hê jy moet wonders doen nie. Hy gee jou die Wonder waardeur jou werk 'n nuwe betekenis kry. Hy gee jou Christus, waardeur jou werk GELOOFSWERK word — werk wat God verheerlik. Dan wil jy in en deur jou werk hier God verheerlik.

Kombuiswerk, kantoorwerk, boerdery ens. word werk tot eer van God. Dan doen jy alles tot eer van God — is elke lewensdag en elke werksdag 'n wonder. Dan swoeg jy nie maar en vloek soms hard of in jou hart oor die ellendige werk wat maar nie end wil kry nie. Dan is elke dag 'n blye dag van Gods genade, waarin jy só werk dat God deur jou lewensarbeid verheerlik word.

Meer nog... as jy sterwe, weet jy dat die lewe nie ophou nie. As jy hier tot eer van God geleef en gewerk het, sal jy ook in die ewigheid God loof. Die groot roeping van die mens is om God groot te maak. As hier die nag van die dood toesak, breek die oggendstrale van die ewigheid deur en jy loof die Here met die engele en gesaligdes... tot in ewigheid.

As jy nie hier tot eer van God lewe nie, dan word dit so moeilik, want dan kan die nag van die dood jou oorval, sonder dat daar ooit iets van God se heerlikheid in jou lewe gesien is. Dan kan dit 'n nag van soveel ellende in die hel word... waar dit 'n geween en gekners van die tande is.

As jy tot dusver slegs jou roeping as 'n werk om tydelik te bestaan, gesien het — los die verkeerde arbeidsbeskouing. Gaan na die Woord van die Here en leer dat ons werk moet wees tot Gods eer — Sy Naam moet in al ons werke groot gemaak word.

Werk dan hard, want die nag kom, wanneer niemand kan werk nie.

P. C. RULE

MY MAN WAS ONTROU

My innige simpatie met u as die opskrif u probleem is. Ek weet, "simpatie" klink bra flou. Niemand is nog ooit deur simpatie verlos uit 'n krisis nie. Daarom wil ek nie net in die verbygaan u hand druk nie. Ons moet 'n rukkie stilstaan. Daar is 'n middel teen u smart. U moet luister soos een wat totaal verdwaal het en van die ander pad terug moet hoor.

Ek kan nie luister nie!

U gemoed is baie vol. U kan nie nugter dink nie. U praat met mense oor u leed, maar dit is asof niemand enige lig bring nie. U luister na raad en luister tog ook nie, want alles lyk net onmoontlik. Net sodra 'n oplossing moontlik lyk, val dit weer toe soos 'n sandgat.

Moet niks besluit nie!

Dit is my eerste raad aan u. Moenie u pyn op die mark sit en die klok begin lui, sodat almal kan kom kyk nie. Met vinnige besluite en baie gepraat, verbrou 'n mens meer as wat jy dink. So-iets soos wat met u gebeur het, moet u baie versigtig hanteer — net so teer soos u huwelik self is.

Praat nou uit!

Praat soos met 'n betroubare vriendin. Sê wat om u omgaan, asof u in 'n slaapkamer praat:

> "Ek weet nie waar om te begin nie. Ek weet net dit is so seer en rou hier binne. O, die vernedering wat my aangedoen is. Die groot skande wat oor ons huis gekom het. Ons geluk is in een oomblik daarmee heen. Die laggende huweliksfoto in die kamer is 'n ruwe grap ten koste van my. My ring brand aan my vinger. Almal kyk my met sulke oë aan asof hulle alles weet. Ons het die skyf geword van tonge en blikke. Elke dag loop ek met die gewig van die aaklige feit rond. Ek kan nie daarvan loskom nie..."

U eerste reaksie is baie hewig:

"Ek sal my man nooit weer vertrou nie."

"Ek wil nie langer met hom saamlewe nie."

"Ek het hom nie meer lief nie, want hy het my eer vertrap."

"Dit sal nooit weer dieselfde tussen ons wees nie."

"Nou het ek die duidelike bewys dat hy my nie meer liefhet nie."

Moenie te veel peil trek op die eerste reaksies nie. Hulle het ontstaan onder die eerste skokke. Hulle is nie blywend nie. Môre dink u al weer anders.

Oplossings:

Wil uself oplossinge aan die hand doen?

"Ja, ons moet maar die huwelik formeel **opbreek**, want dit is tog 'n sinkende skip wat nooit weer vlot gemaak kan word nie". Veroorloof my 'n opmerking: Nou beplan u dinge wat vir uself en u kinders **net smart** sal bring. U sit u voete op 'n vreemde pad... die verloorpad. U is bereid om die mooiste in die lewe van 'n vrou, haar huwelik, op te gee. Nou wil u swerwer word. Hoeveel vroue swerf van die een man na die ander... van die een huwelik na die ander...nee, oppas vir te gou skei!

"Dan sal ek maar probeer om **alles te vergeet**." Jammer, maar daarmee kan ek ook nie

saamstem nie. Dit is **te goedkoop** om werklik as oplossing te geld. Die tyd genees nie. So-iets kan nie hanteer word soos 'n boek wat klaar gelees is, op die rak te bêre nie.

Ek bied 'n duur oplossing aan:

Buig voor God, die Regter van hemel en aarde. Dit is Hy wat ons die lewe gee. U huwelik staan onder sy bevel. U verdere optrede lê onder die **kritiek van** sy Wet. Hy roep elke mens om in liefde aan hom gehoorsaam te wees. Ons moet Hom eer. In elke besluit moet ons die hoogste rekening met Hom hou. As u begin vra: "Wat wen ek? Hoe word my eer en goeie naam gehandhaaf", begin u verkeerd. Ook as u reaksie is: "Wat het ek verkeerd gedoen? Dit is mos my man wat gesondig het! Hy moet liewer sy sonde gaan bely!"

U moet mede-sondaar wees

Moenie met die kop in die wolke u man verwyt nie. **Gaan staan self ootmoedig voor God.** Veg dit met God uit om volkome in Hom te glo en sy wil te doen. Dit is 'n duur stryd want daarin verloor u uself. Daarin word uself eers gebrandmerk as sondaar om dan die belofte te ontvang dat u sonde deur die genadige offer van Jesus Christus vergewe is. Dan eers verstaan u wat offerande is... uself offer, uself weggee aan God.

Nou saam buig voor God:

Aanvaar u man as mede-sondaar voor God. Lei hom met die sagte en tog ferme hand van die liefde voor die troon van God. **Die liefde wek liefde. Bind hom aan God** en bind hom aan Jesus Christus wat ons grootste sonde vergewe in sy bloed. Styg adellik uit bokant verwyte en getwis en vernederende optrede. Onthou, u man het teen Gód gesondig. Hy moet by Gód uitkom. U moet hom daarheen lei.

God gee krag om te kan vergewe en te kan liefhê ... ja, ten spyte van. God kan ons sonde vergewe in die bloed van sy Seun. God kan mense weer aanmekaar bind. Weer sê ek, dit is die **duurste oplossing**, maar daarom ook die **mees duursame.**

A. J. du Plessis

Die teken van die tyd

Oorloë en gerugte van oorloë

So vér as wat ons in die geskiedenis kan terugspeur, is daar sprake van oorloë. Oorwinnings en neerlae het kunstenaars vanaf die vroegste eeue besiel om te sing, te skilder en te beitel. Verhale van oorloë is verewig in die onsterflike gedigte van Homeros. Oorlogshelde het die ou Griekse beeldhouers geïnspireer om van die grootse kunswerke wat die mensdom besit, uit te beitel. Ja, deur die eeue tot vandag toe is oorloë en gerugte van oorloë in alledaagse gesprekke.

Hoe kan Jesus dan sê dat oorloë en gerugte van oorloë 'n teken is dat sy koms voor die deur is? Oorloë is tog nie iets wat alleen teen die einde van die wêreldgeskiedenis sal voorkom nie. Deur die eeue heen was daar maar gedurigdeur oorloë.

Dit is waar en Jesus het dit ook wel geweet. Hy het immers ook ten minste die geskiedenis van sy eie tyd geken, maar Hy het meer as dit geweet. Hy het ook gesien hoe die oorlog tussen volk en volk; tussen ryk en ryk aangroei tot oorloë tussen groepe nasies en groepe nasies. Hy het vooruit gesien watter stadia van "wêreldoorloë" bereik word.

Die verskriklike feite

Na die twee "wêreldoorloë" in die eerste helfte van die twintigste eeu het die nasies gespartel na enige strooihalm gegryp om 'n derde wêreldoorlog te keer. Die leiers van die volke het geweet dat nog 'n wêreldoorlog die einde van die wêreld kon beteken. Daarvoor was geen verbeeldingsvlugte nodig nie. Die wêreld het ook op afskuwelike wyse kennis gemaak met die verwoesting wat 'n enkele atoombom kan aanrig. Twee Japanse stede, Nagasaki en Hirosjima is in puin gelê. Daarna is baie ontsettende wapens reeds in hul duisendtalle geproduseer. Die hele aarde is onder skoot met hierdie afgryslike wapens. Die verste uithoeke kan vernietig word.

Die **vrees vir selfvernietiging** is vandag die een magtige faktor wat die mensdom weerhou van 'n wêreldoorlog. Hoe maklik kan daar 'n ongeluk kom en die wêreld staan in ligte laaie. Die mens is feilbaar en in die lig van die Bybel weet ons dat die mens van nature 'n sondaar is. In sy hart is nie liefde en verdraagsaamheid die natuurlike drang nie, maar haat en selfsug en onverdraagsaamheid.

Dit is nie net 'n moontlikheid nie, maar gewis 'n sekerheid dat oorlog weer sal kom. Dan sal die mensdom ondervind wat oorlog werklik is. Alles wat reeds belewe is, sal kinderspel daarteenoor wees. Dit sal steeds skrikwekkender word. Dan sal ons begryp wat die Here bedoel het met oorloë en gerugte van oorloë. Uiteindelik sal die wêreld een groot slagveld wees... alle mense sal gewikkel wees in 'n algehele oorlog.

Ons reaksie?

Ag, ons weet dat die ongelowige mens hier niks anders in sien as die beloop van die wêreld nie. Sommige mag miskien nog praat van die beskikking van die noodlot. Dit is een of ander blinde onbepaalbare mag wat dinge laat gebeur.

Te laat sal die meeste besef: DIT IS DIE VINGER VAN GOD. Ja, dit is die voetstappe van die komende Christus. Hy kom om te oordeel die lewende en die dooie... Hy kom om elkeen te vergeld na sy werke.

"Waak dan omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die Mens kom nie..."

M. J. Booyens

JESUS CHRISTUS, ONS ADVOKAAT

'n Goeie voorspraak kan vir ons soms geweldig baie beteken. As ek aansoek gedoen het vir 'n bepaalde betrekking en daar is iemand wat 'n goeie woordjie vir my kan doen, dan is dit so goed of ek stap al in die betrekking in. Om hierdie rede word daar dikwels gesê: dit is nie van belang **wat** jy ken nie, maar **wie** jy ken.

Dit is ook geen onverskillige saak wie ons as 'n voorspraak het nie, want **hoe invloedryker hy is, hoe beter.** Die advokate het 'n beroep daarvan gemaak om vir mense, wat in die moeilikheid is, as voorspraak op te tree. In die hof verdedig die beskuldigde homself nie, maar sy advokaat doen dit vir hom.

In Jesus Christus het ons nou ook 'n Voorspraak... 'n Advokaat

Ons staan as **skuldiges** en **aangeklaagdes** voor die ewige God van hemel en aarde. Ons het gesondig, God se heiligheid geskend, sy eer onder ons voete vertrap en sy liefde beantwoord met haat. Omdat ons teenoor die grote en heilige God, Skepper, Onderhouer en Regeerder van hemel en aarde oortree het, verdien ons ook om met die grootste en swaarste straf na liggaam en siel ewig gestraf te word.

Die Advokaat

Toe het **Christus gekom** en die vreeslike straf wat ewig ons deel moes word, in ons plek gedra en nou bestaan sy voorspraak, sy werk as ons advokaat daarin dat Hy God die Vader smeek, om al die sondes wat ons gedoen het en nog doen, ons nie toe te reken nie, **omdat Hy self daarvoor betaal het.** Daarom bestaan sy voorspraak vir ons by die Vader nie maar net uit 'n wens of 'n begeerte wat uitgespreek word nie, maar uit 'n eis. Op grond van sy soenverdienste eis Hy dat die Vader sy voorspraak-gebede vir ons, moet verhoor.

Hoe heerlik is dit nie om juis vir Jesus Christus as Voorspraak en Advokaat te hê nie!

Sy pleitgrond

Hy is inderdaad 'n **betroubare** Voorspreker, want Hy het as pleitgrond sy soenverdienste aan die kruis. Aan die ander kant is Hy weer die mees simpatieke Advokaat wat ons kan kry, want daar is niemand wat ons nood en ellende beter ken as juis Hy nie. Dit is natuurlik so, omdat Hy self net so 'n mens soos ons is — behalwe dat Hy geen sonde gehad het nie. Daarom ken Hy ons swakheid, ons stryd en worsteling. Hy is ook bekend met ons versoekings, want Hy was self versoek met al die versoekings waarmee ons versoek word.

Christus is vandag nog ons Advokaat voor die Vader. Voortdurend staan Hy pleitend tussen God wat die sonde nie kan verdra nie en my wat die sonde nie kan nalaat nie. As ek byvoorbeeld vir die soveelste keer gesondig het, ontrou gewees het, God beledig het, tree Jesus voor die aangesig van die Vader en sê: Vader, moenie toornig wees op hom of haar nie. U was eenmaal op Golgota toornig op My en daarmee is ook hierdie sonde versoen.

Christus bid vir ons!

Hy bid vir ons as ons ver van God afgedwaal het en dit nie weet of wil weet nie. **Hy** bid vir ons as ons soms opgehou het om te bid. As ons in die sonde-duisternis verdwaal het, dan bid en pleit Hy as ons Voorspraak en Advokaat by sy Vader dat ons weer in die heerlike lig van God se genade sal wandel.

Nou wil ek 'n persoonlike vraag vra: Is Christus ook jou Voorspraak en Advokaat by die Vader?

- As jy sonde gedoen het, waarheen gaan jy om "regsadvies" en "regshulp" te kry wat jou

waarlik kan help as jy eenmaal voor die ewige Regter moet verskyn?

•• Die beste aardse advokaat sal dan vir jou niks beteken nie.

••• Daar is net Een wat jou dan kan help: **Jesus Christus.** Net Hy kan dan ewige, standhoudende, aanvaarbare regshulp verleen.

•••• Soek Hom dan ... ook as jou Voorspraak en Advokaat by die Vader.

P. J. de Bruyn.

*** * ***

Rom. 8:34 — Wie is dit wat veroordeel? Christus is dit wat gesterf het, ja, meer nog, wat ook aan die regterhand van God is, *wat ook vir ons intree.*

1 Joh. 2:1 — My kinders, ek skryf hierdie dinge aan julle dat julle nie moet sondig nie; en as iemand gesondig het, *ons het 'n Voorspraak by die Vader, Jesus Christus die Regverdige.*

Wat het die Prediker van jou te sê?

God laat ons weet dat Hy weet dat ons soos stippeltjies voel teenoor die groot lewe wat aan ons voete verbygaan. Die Prediker is God se protes teen die waandenkbeeld dat jou godsdiens van die werklikheid 'n wiegeliedjie maak. Prediker bewys dat die Here ons nie opium-pilletjies wil ingee om ons oë dof te maak vir die werklikheid nie. Die werklikheid is: son deverskeurd, verwoes, gevaarlik!

Die Prediker verlos ons van die diep gewortelde leuen dat ons pogings ware geluk en vastigheid kan bring. So verlos die Prediker ons om na iets anders te gaan soek — iets anders waarop ek kan bou, iets anders wat vas en seker is, iets anders wat my gelukkig kan maak, iets wat die lewe waarde gee.

In die sterverligte nag sing die engele. Die peinsende, sugtende mensdom kyk vinnig op, want hulle hoor 'n stem: dit is Ek!

Die winde gaan lê op bevel van die Stem, die skares is verslae, die wetsgeleerdes word dom, die rotse skeur, dooies staan op.

Iemand gooi al die deure wawyd oop!

"Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is en Ek sal julle rus gee!" Hy het gekom — Jesus Christus! Hy loop dwarsdeur die te vergeefsheid van 'n gebroke lewe en agter Hom trek 'n ligstreep — 'n pad na die lewe, die vrede, die rus en die geluk.

Kom — kom tog... dit is nié te vergeefs nie.

W. J. de Klerk.

'n Lied van verlatenheid

Ek roep tot God met groot geluid;
ek stort my klag soos water uit;
ek klaag my node in Gods oor,
want Hy sal my gebed verhoor.

Wanneer my gees van druk versmag,
ken U my pad in lydensnag.
Hul het hul vangnet, HEER, vir my
arglistig op my weg gesprei.

Na regs wend ek my oë - en
daar's niemand wat my nou wil ken;
daar's nou vir my geen toevlug meer,
en niemand sorg vir my, o HEER!

Wat dan? Ek wend my tot U heen;
U is my skuilplek, U alleen.
U is, so lank ek leef, my deel,
dié God aan wie ek my beveel.

Hoor in die nood my roepstem, HEER,
want ek is swak en uitgeteer;
maak my van my vervolgers vry,
want hul getal oorweldig my.

Voer my uit die gevangenis
waarin my siel gekerker is;
dan sal 'n skare my omring
en vrolik van u weldaad sing.

Alles tevergeefs

Waar sal ek rus en vrede en geluk vind?

Die arbeid?

Ek het groot werke onderneem. Ek het vir my huise gebou, ek het vir my wingerde geplant, ek het vir my tuine en parke aangelê, ek het vir my damme gemaak... wat het die mens vir al sy arbeid en vir die strewe van sy hart? Want al sy dae is smarte en sy bemoeienis is verdriet. (Prediker 1).

Die rykdom?

Hy wat geld lief het kry nie genoeg van geld nie, en wie rykdom lief het, nie van inkomste nie... ook dit is dan te vergeefs. Ek het vir my ook silwer en goud versamel en 'n eiendom... alles wat my oë begeer het, het ek hulle nie ontsê nie; my hart het ek van geen enkele vreugde teruggehou nie... en kyk dit was 'n gejaag na wind. (Prediker 2*).*

Vir die lag het ek gesê: dit is onsinnig. Vir die vreugde: wat verskaf dit. (Prediker 2).

'n Groot naam is ydelheid: die nageslag vergeet jou. (Prediker 4 .- 15, 16).

Onberekenbaar is die lewe. Die wedloop is nie vir die vinniges nie en die oorlog is nie vir die helde nie; en ook die brood is nie vir die wyse of die rykdom vir die slimmes of ook guns vir die verstandiges nie. Ek het slawe te perd gesien en vorste wat soos slawe op die grond loop. (Prediker 9 en 10).

Wat van kennis?

Toe ek my hart daarop gerig het om wysheid en kennis, onverstandigheid en dwaasheid te leer ken, het ek ingesien dat dit ook 'n gejaag na wind is. (Prediker 1).